higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

(4110011)

15 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

029Q1E2215

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Noem VIER tipiese voorbeelde van swak huishouding. (4 × 1) (4)

1.2 Noem DRIE basiese elemente van vuur. (3)

1.3 Noem VYF verskillende tipes brandwonde. (5)

1.4 Skryf die afkorting, PBT ('PPE'), voluit. (2)

1.5 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Reëls wat deur die wet afgedwing word om werkers in die werkplek te beskerm.

A Veiligheidsregulasies
B Veiligheidsbestuursplan
C Veiligheidsoudit
D Vaardigheidsoudit

1.5.2 Die afkorting, 'OHSA', staan vir ...

A Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid
B Wet op Beroepsgesondheid en Standaarde
C Wet op Beroepsgesondheid en Stelsels
D Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheidsongelukke

1.5.3 Word gebruik om teen die inaseming van stof en ander kontaminante te beskerm.

A Veiligheidsbril
B Asemhalingstoerusting
C Oorkussings
D Reflektiewe klere

1.5.4 Word gebruik om te verseker dat 'n mens vir ander werkers duidelik sigbaar is.

A Asemhalingstoerusting
B Reflektiewe klere
C Veiligheidshelm
D Oorkussings

1.5.5 Word gebruik om 'n mens se hande teen besering te beskerm.

A Oorpak
B Veiligheidstewels
C Handskoene
D Reflektiewe klere

Kopiereg voorbehou

1.5.6 Beskerm 'n mens se liggaam teen besering.

A Oorpluisies
B Reflektiewe klere
C Oorpak
D Veiligheidshelm

(6 × 1) (6)
[20]

VRAAG 2

2.1 Definieer die term, *mediese fonds*. (4)

2.2 Bespreek die volgende:

2.2.1 Voorsorgfondse (3)

2.2.2 Kennisdeposito's (3)

2.3 Noem enige DRIE van die top 5 mediese fondse wat algemeen In Suid-Afrika gebruik word. (3)

2.4 Skryf die afkorting WVF, ('UIF') voluit. (2)
[15]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik wat maatskappybeleid is. (3)

3.2 Bespreek die aspekte van die kommunikasieproses. (7 × 1) (7)

3.3 Gee DRIE voordele van 'n organisatories(e) kaart ('organisational chart'). (3)

3.4 Noem TWEE voordele van 'n posbeskrywing. (2)
[15]

VRAAG 4

4.1 Noem en bespreek DRIE (4.1.1–4.1.3) tipes spaarrekenings. (3 × 4) (12)

4.2 Gee TWEE voordele daarvan om kontant vir goedere te betaal. (2)

4.3 Noem DRIE feite om te onthou voordat 'n mense tot 'n waarborg instem. (3 × 2) (6)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem AGT van die 11 amptelike tale wat in Suid-Afrika gepraat word. (8)

5.2 Noem en verduidelik VYF redes vir dwelmmisbruik. (5 × 2) (10)

5.3 Definieer die term, *vriendskap*. (2)

[20]

VRAAG 6

6.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.4) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

6.1.1 Arbeidsbetrekkinge behels die verhouding tussen die bestuur en werkers en die rol wat regulerende meganismes in die oplos van enige nywerheidsgeskille speel.

6.1.2 COSATU is die grootste vakbond in Suid-Afrika.

6.1.3 Werknemers het die vryheid om by enige vakbond aan te sluit.

6.1.4 Werknemers kan nie gedwing word om aan enige vorm van staking deel te neem nie.

(4 × 1) (4)

6.2 Noem SES faktore wat werkers mag motiveer om te staak. (6)

[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou